E-LEER

Bepalings en voorwaardes

Let asseblief op die volgende bepalings en voorwaardes

1. Die student moet meer as 50 km vanaf ŉ bestaande Akademia-studiesentrum woonagtig wees. Bewys van adres moet tydens die aansoekproses ingedien word.
2. Studente wat in die buiteland woon word outomaties op e-leer geplaas om klasse by te woon, en Proctorio sal gebruik word vir eksamens en toetse. Bewys van adres moet saam met die motivering ingedien word.
3. ŉ Student wat weens mediese redes vir ŉ bepaalde tyd nie kontaksessies by die studiesentrum kan bywoon nie, kan aansoek doen om oor te skakel na die e-leeropsie om te verseker dat daar aan eksamentoelatingsvereistes ten opsigte van klasbywoning voldoen word. Die nodige mediese briewe moet verskaf word tydens die aansoek vir oorskakeling. Verwys na afdeling 15.2 en 15.5 in die 2023-Jaarboek vir meer inligting.
4. Huidige studente wat verhuis na areas waar geen Akademia-studiesentrum geleë is nie, kan aansoek doen om na e-leer oor te skakel. ŉ Kort motivering moet ingedien word, en bewys van adres moet gelewer kan word.
5. Assesseringsentrums word op die Bevestiging van Registrasie (BvR)-brief aangedui. Dit is elke student se verantwoordelikheid om die BvR vanaf die studenteportaal op die webblad af te laai en noukeuring na te gaan. Studente wat vir e-leer registreer lê steeds assesserings by die naaste studiesentrum af. Aanlyn assesserings deur middel van Proctorio is slegs beskikbaar vir studente wat nie binne ŉ redelike afstand vanaf ŉ studiesentrum is nie. Die BvR dui die studieopsie/sentrum sowel as assesseringsentrum aan.
6. Vir studie by Akademia is dit verpligtend dat studente toegang tot redelike internet- en skootrekenaarfasiliteite moet hê.
7. Let op die volgende minimum vereistes ten opsigte van die tegniese spesifikasies van ŉ skootrekenaar:

- ŉ Core i3-, i5- of i7-verwerker
- 4 GB RAM of meer (8 GB RAM word aanbeveel)
- 20 GB beskikbare hardeskyfspasie
- Werkende webkamera
- Werkende mikrofoon
- Nuutste weergawe van Google Chrome, wat ook op datum gehou moet word
- Let op die volgende minimum vereistes ten opsigte van die internettoegang:
- Internetspoed van ten minste 1,5 Mbps aflaaispoed en 1 Mbps vir oplaaispoed

Ander tegnologievereistes:

- Student moet toegang tot ŉ drukker hê.
- Student moet toegang tot ŉ skandeerder hê.
- Proctorio-sagteware moet op rekenaar geïnstalleer word.

Let wel: Alle kontaksessies en assesserings soos uiteengesit in die rooster geskied volgens Suid-Afrikaanse tyd.

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienr: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005

Wat ek moet weet oor e-leer

1. Studente woon aanlyn klasse vanaf hul huis by soos wat dit volgens die programrooster geskeduleer is. Hulle hoef nie na ŉ sentrum te gaan om klasse by te woon nie. Klasbywoning is steeds ŉ vereiste vir eksamentoelating.
2. Daar is net een rooster vir nauurse en e-leerstudente wat gevolg moet word. E-leerstudente skakel in vir die klas via die Spens (Teams-skakel) tydens dieselfde tydgleuf wat die nauurse studente die klasse by die sentrum bywoon
3. E-leerstudente skryf eksamens en toetse via Proctorio indien hul verder as 50 km vanaf ŉ Akademia-studiesentrum woon, of indien die sentrum wat binne 50 km van hulle af is, nie beskikbaar is nie. Studente kan egter steeds eksamens en toetse by ŉ sentrum skryf indien verkies, dit moet egter 48 uur voor die toets via die program-e-posadres gereël word.
4. Proctorio-eksamens geskied op dieselfde datum en tyd soos op die betrokke roosters vir alle ander studente geskeduleer.
5. Studente moet hulle Bevestiging van Registrasie-brief raadpleeg om te bevestig waar hulle toetse en eksamens gaan aflê.

Let wel: Alle kontaksessies en assesserings soos uiteengesit in die rooster geskied volgens Suid-Afrikaanse tyd.

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienr: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005